

Makro Marathon!

Ek is uitasem en sweet triekel in 'n klein stroompie teen my rug af. Dis wel nog net die September oggend son (gedurende 'n naweek in 2018), maar ek voel baie naby aan 'n UV koma met die temperatuur voelpunt by hoog-somer. Ek staan, wat nou al soos ure voel, op my tone en my kuitspier tokkel al die *Fur Elise*. Ek probeer my asem onder beheer kry en dit dan saggies en beheersd uitblaas. My hart trommel in my ore... dis so amper... ek moet net die knoppie druk...

“Woef! Woef! Woef!” kom die hond om die huis se hoek aangehardloop en my skrik is net groot genoeg om effe oor my driepoot te struikel en binne die roos boom langs my te val. Met 'n hand uitgesteek na Maya, my bytjie, en 'n gefluisterde “Nee!” voel ek om soos 'n kleuter 'n vloermoer te gooi!

Ek is al van vroegoggend af besig is om hierdie bytjie te *stalk* en daar fladder die flerrie ongeerg na die volgende roos boom.

Verergd gluur ek die hond aan; sy is egter so bly om my te sien dat ek 'n vinnige lek kry en dan al blaffend huppel sy verder om die huis op 'n eekhorning misie. Ek staan onvergenoegd op, ek het redelik ongedeed van die roosboom dorings afgekrom en stof my broek af.

Hierdie is die verloop van my laaste twee ure. Ek sien vir Maya (sy is gedoop na die eerste 10 minute, mens kan nie so onpersoonlik met jou *subject* bly as hulle jou so baie *grief* gee nie), ek kry die kamera en driepoot als reg... en voordat ek die perfekte *shot* kan inkry, besluit Maya die volgende blom of BOS BLOMME is beter en begin die hele proses van voor af. In die begin het ek haar soos 'n slaaf bly volg – die dat ek so warm kry en uitasem is, maar vinnig besef dat ek slimmer moet werk.

My laaste paar pogings was meer 'n fortuinverteller strategie waar ek probeer *predict* waar sy gaan wees. Ek stel dus alles op en wag vir haar om binne die LCD raampie te vlieg. En ek dink die strategie was besig om te werk, tot Mina, my moeder-hulle se geliefde straatbrak my kom pla het.

Ek het by die klub verskeie tips gehoor soos om heuning- of suikerwater te spuit en daar is selfs voorgestel dat mens die goggatjies in die *freezer* moet sit vir 'n paar sekondes. Ek wou graag makro fotografie op 'n natuurlike manier benader, maar na 'n hele oggend se sukkel is ek uiteindelik reg om iets anders te probeer.

Half-moedeloos slaan ek al die toerusting op en gaan soek lafenis in die kombuis. Sodra my seun inkom vra ek hom om Maya te gaan probeer vang. My dogter is allergies vir Maya en haar vrinne, so dis beter dat my seun hierdie een doen. Ek verduidelik vir hom dat ons haar 'n kort rukkie in die *freezer* gaan sit en dan gaan afneem op die mooi lelies wat my ma in die huis in 'n blompot het.

Dit vat die mannetjie nie lank om die bytjie te vang nie en so vinnig soos blits het ons haar in die vrieskas.

Ag aarde, toe ons egter daardie vrieskas deur oopmaak lê daardie bytjie leweloos. My hart breek in duisend stukkie – ons het haar doodgemaak. Ek begin tranerig raak tot my seuntjie uitwys dat haar pootjie beweeg. Vergete is my foto projek en versigtig blaas ek haar warm met my asem. As ek *Bee-CPR* kon doen het ek dit ook probeer, maar na omtrent 20 sekondes staan sy regop en voordat ek kan dink aan 'n *shot* begin sy vlieg. Dit het ons 20 minute gevat om haar veilig by die deur uit te kry, terwyl my dogter geduldig in 'n ander vertrek moes wag.

Ek het nie daardie dag my makro foto geneem nie. Ek het in alle eerlikheid nie die regte lens of *flash* nie, maar hierdie is die tipe fotografie wat ek van sal kan hou en vir toekomstige beleggings haal dit my lysie. Ek sal egter nie weer dit oor my hart kry om die vrieskas toets te doen nie.

Ek het intussen my geluk probeer met springkane en motte. Om die gesiggie die fokuspunt te maak en terselfertyd die hele gogga-lyfie in fokus te hou, terwyl alles verder *blur*, is nog steeds my grootste *challenge*.

Daar is egter 'n uitdrukking: *Practice makes Perfect!* So ek gaan aanhou probeer, want dit voel vir my so aan my beginners boude dat ek van hierdie *genre* fotografie gaan hou!

@DeBloggeRazzi

#VDBP_Foto_3

PS. Na hierdie skrywe het onse klub 'n bymekaar koms gereël en van die terugvoering op FB was die oggend 'n groot sukses. As ek so na die kruip, hurk en buk kyk op die foto's lyk dit vir my of die Makro Samba algemeen is 😊.